3/7

Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

9 Januarie 2019

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 1 VAN 2019

Baie welkom terug na die lekker vakansie. Ons vertrou almal het dit baie geniet en lekker gerus. 'n Spesiale woord van welkom aan al ons nuwe ouers en leerders wat vanjaar vir die eerste keer by die Havies inskakel. Ons hoop julle voel sommer gou baie tuis.

Welkom terug aan al die personeel, ons hoop julle het lekker gerus en is reg vir al die uitdagings wat voorlê. 'n Spesiale welkom aan al ons nuwe personeel. Mag julle sommer baie lekker by die Havies werk en groot hoogtes bereik.

Graag wens ons alle oud-Havies geluk wat verlede jaar Graad 12 geslaag het. Die Havies is trots op julle. Baie geluk aan al ons personeel met hulle studies. Ons is saam trots op al die pragtige uitslae.

SKOOLTYE VIR 2019	07:30 tot 13:00 (Gr. R – 2) 07:30 tot 13:30 (Gr. 3 – 7)
ALGEMENE KANTOORURE:	07:00 tot 14:30 (Ma - Don) 07:00 tot 13:30 (Vry)

Ons begin reeds hierdie week met atletiek-uitdunne en leerders is welkom om kaalvoet skool toe te kom. Smeer gerus elke dag sonskerm aan en bring 'n hoed en water. Die jaarlikse interhuis atletiek sal plaasvind op Saterdag, 12 Januarie 2019. (Atlete sal briewe ontvang.)

Soos altyd deel die personeel belangrike inligting met ons ouers tydens klasvergaderings. Maandag, 14 Januarie om 19:00 is Graad R; Dinsdag, 15 Januarie om 19:00 is dit die seniors (Gr. 4 – 7) en Woensdag, 16 Januarie om 18:00 tot 19:15 is dit die Grondslagfase (Gr. 1 – 3). Ons sien uit om u almal daar te sien.

By voorbaat dankie vir u almal se ondersteuning en mooi gesindheid teenoor ons skool. Soos altyd bid ons vir God se bewaring en seën oor ons skool, ons mense en ons aktiwiteite in 2019.

Haviegroete.

L C VISSER
HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.